PAUL ROOS
GIMNASIUM | GYMNASIUM

(021) 887-0017/77 086 651 5969
info@paulroos.co.za | www.paulroos.co.za
Suidwal, Stellenbosch, 7600, South Africa

23 September 2026

Aan die PRG-gemeenskap

Drie maande gelede is die derde kwartaal met groot opgewondenheid en verwagting tegemoetgegaan. En dit het nie teleurgestel nie! Die hoogtepunte, prestasies, oorwinnings en redes om fees te vier was byna oorweldigend en het as onomwonde bewys gedien dat *Semper Splendidior* lewend en wel by PRG is, danksy die buitengewone insette van ons personeel en seuns.

Ons sportuitslae deur spanne en individue, maar ook verskeie hele kodes, het nasionale en selfs internasionale topposisies beklink. PRG se kulturele optredes en prestasies het in verskeie dissiplines as maatstawwe in die provinsie en die land uitgestaan. Paul Roos Gimnasium is weer eens as ’n toonaangewende akademiese skool in ons provinsie erken, veral op die gebied van Wiskunde. Die skool het hierdie kwartaal ook ’n hele-skool-evaluering deur die School Evaluation Authority (SEA) ondergaan en ’n besonder positiewe verslag ontvang, asook ’n uitnodiging na die nasionale toekenningsgeleentheid later volgende kwartaal.

Soos elke ander kwartaal het hierdie een ook sy swaarkry, nederlae, teleurstellings en selfs verpletterende tragedie gebring. Hierdie werklikhede vorm deel van die reis om ’n merkwaardige mens te word. Ons leer dikwels die waardevolste lesse in die oomblikke wanneer ons vasgehaak, verslaan, geklop, uitgeput, ontmoedig of moedeloos is. Dit is juis hier waar kragtige insigte kan ontstaan wanneer ons herbesin en weer probeer. Die moeilike tye versterk ook ons verbondenheid aan mekaar wanneer ons mekaar in ondersteuning bystaan en deernis betoon. Ek moedig die seuns dikwels aan om nooit ’n mede-Paul Rooser agter te laat nie: om op die uitkyk te wees vir ’n broer wat sukkel en om mekaar te help om sukses te bereik.

Die donkerste oomblik van hierdie kwartaal het gekom toe ons die verpletterende nuus van die tragiese afsterwe van Nico Caine, ’n broer in graad 9, ontvang het. Die skok van die verlies van ’n leerder voel soos versmoring en kan ’n gemeenskap tot stilte verstom. Ons harte is gebreek deur hierdie derde tragiese verlies van ’n jong lid van die PRG-gemeenskap, ná die afsterwe van mnr Haller en Max Immelman verlede kwartaal. Ons hou steeds Nico se bedroefde ouers, suster, familie en vriende in ons gedagtes en gebede.

Die derde kwartaal het ook die wisseling van leerderleierskap gebring. Die afgelope paar weke is die verkiesingsproses en aanstellings van verskeie leiersposisies afgehandel. Ons wens die nuwe lede van die VRL, Huiskomitees, Matriekraad en Leerlingraad alle sukses toe gedurende hul ampstermyne. ’n Spesiale gelukwensing gaan aan ons nuwe Hoofseun, Albert Nel, en Onderhoofseuns, Nathan Barnard en Jeandré van Zyl. Die leierskapopleidingsprogram het baie suksesvol verloop, en ek twyfel nie daaraan dat ons leiers die skool trots sal maak nie.

Ek het in die saal met die seuns oor leierskap gepraat en die punt gemaak dat hoewel slegs ’n klein aantal seuns ’n amptelike leiersposisie beklee, elke Paul Rooser ’n “leierskapwapen” dra wat gepaard gaan met die voorreg om deel van ons skool te wees. Dit is daardie maroen baadjie om sy skouers! Geen balkie is nodig om inisiatief te neem, die gemeenskap te dien, uit te reik na mense in nood en op te staan vir dit wat reg is nie.

In verlede kwartaal se brief het ek genoem dat ons beoog het om die nuwe sokkerastro betyds vir die Grey Interskole-naweek te voltooi. Wel, ons het dit reggekry! Wat egter daar geskep is, is veel meer as net ’n sokkerveld; dit is ’n gemeenskaplike ruimte wat deur almal geniet word en ons op ’n baie besonderse manier saambind. Dit was ’n groot vreugde om te sien hoe ons sokkerspanne op ’n wêreldklasoppervlak uitdraf wat met dié van ons ander groot spansporte vergelyk. Nog beter is egter om te sien hoe alle Paul Roosers die veld as ’n rekreatiewe ruimte geniet. Die Fives-toernooi hierdie kwartaal, wat geheel en al deur die seuns gedryf is, het ’n gees van pret en inklusiwiteit gedemonstreer wat my ongelooflik trots en dankbaar gemaak het. Daarbenewens het die veld ook ’n manier geword waarop PRG na ons breër plaaslike gemeenskap kan uitreik deur die sokkerakademie en ander inisiatiewe. Ons hoop steeds om die broodnodige fondse in te samel om hierdie projek te voltooi, en ons verwelkom graag bydraes van enigeen wat deel in die vreugde oor wat hier bereik is.

Ons is weer eens vanjaar oorval met aansoeke van seuns wat desperaat is om Paul Roosers te word. Dit is ’n besondere voorreg om hierdie skool by te woon, en my waarneming is dat die oorgrote meerderheid seuns hier dit waardeer, hulle geleenthede aangryp, ons waardes koester en daarna streef om te groei – *Semper Splendidior*.

En tog is daar altyd ’n teleurstellende handjievol seuns wat nie hierdie waardes respekteer nie. Hulle straal ’n arrogansie uit wat ons baadjie en die waardes waarvoor dit staan, oneer aandoen. Hulle is nie spanspelers nie, tree soos verbruikers op en dra min by tot ’n gesonde skoolkultuur. Soms maak hulle hulself skuldig aan ernstige wangedrag.

Ongelukkig moes ons, selfs te midde van ’n uitsonderlike kwartaal, met individue handel wie se gedrag PRG se waardes wat ons probeer handhaaf, ondermyn het. Ek noem dit hier om dit duidelik te stel dat ons sulke gedrag nie sal duld nie, en dit ook nie sal wegsteek nie. Ons sal ’n lig daarop skyn, dit konfronteer en doelgerig daaraan werk om dit uit te roei.

Dankie aan elke Paul Rooser wat elke dag op merkwaardige maniere opdaag, veral wanneer niemand kyk nie. Ek ontvang gereeld boodskappe van lede van die publiek wat dit wel raaksien – veral wanneer ons jong manne respek en gentlemanship teenoor die mees kwesbare lede van die samelewing betoon.

Die vierde kwartaal is op hande, en daarmee saam kom talle besondere oomblikke wat die laaste hoofstuk van die skooljaar kenmerk. Die Matrieks het ’n skouspelagtige Matrieksafskeid geniet en sien nou uit na hulle laaste tot siens op Z-Day voordat hulle die NSS-eksamens aanpak. Ons wens hulle alle sukses toe.

Daar sal in die vierde kwartaal verskeie afskeide wees, onder andere dié van mev Olivier, ’n PRG-legende wat aan die einde van die jaar aftree. Haar vertrek sal ’n enorme leemte laat wat baie moeilik gevul sal kan word. Wanneer jy hierdie kwartaal vir mev Olivier raakloop, vertoef dalk ’n oomblik om haar te bedank vir haar vele jare van uitstaande diens.

Ten slotte wil ek elke leerder, personeellid, ouer, Old Boy, skenker, borg en vriend van Paul Roos bedank wat hierdie kwartaal ’n bydrae gelewer het. Die PRG-beheerliggaam het die skool ook met letterlik honderde vrywillige ure gedien. Danksy almal se onwrikbare ondersteuning van ons kosbare skool, en begrip van ons kollektiewe verantwoordelikheid om daarna om te sien, hou Paul Roos Gimnasium aan om te floreer en die maatstaf te stel in die vorming van merkwaardige manne.

Semper Splendidior!



Jannie de Villiers
Rektor

DATUMS OM TE ONTHOU:

- 8 Oktober 2026: Prysuitdeling
- 9 Oktober 2026: Z-dag vir Matrieks
- 4 November 2026: Algemene Jaarvergadering / Ouerbegrotingsvergadering